



The South African Society of Music Teachers
Die Suid-Afrikaanse Vereniging van Musiekonderwysers

www.sasmt-savmo.org.za

Die wet op beskerming van inligting

Volgens die wet op beskerming van inligting wat in 2015 in werking getree het, moet lede skriftelik toestemming gee dat hul private gegewens openbaargemaak mag word. Instansies kan vervolgd word as hulle nie toestemming het vir openbaarmaking van gegewens nie. Die inligting wat ons van lede het, bevat titel, voornaam, voorletters, van, kwalifikasies, fisiese adres, posadres, kontaknommers en e-posadres. Om toestemming te verleen dat hierdie gegewens op die webwerf en in die tydskrif *Die Suid-Afrikaanse Musiekonderwyser* gepubliseer mag word, vereis ons 'n skriftelike handtekening. 'n Geskandeerde handtekening wat dan per E-pos gestuur word sal voldoende wees.

Gevolgtlik sal ons nie u persoonlike gegewens op die webwerf vertoon tensy ons toestemming daartoe met 'n handtekening verkry het nie.

Sal u dus so vriendelik wees om die onderstaande vorm in te vul en aan die E-posadres webmaster@sasmt-savmo.org.za terug te besorg saam met die geskandeerde handtekening. As u nie toegang tot 'n drukker of skandeerder het nie, maar wel 'n selfoon wat toegang tot e-pos het, skryf 'n kort nota met die hand ("Hiermee gee ek toestemming ... ens.") en voeg 'n handtekening by. Neem 'n foto van die nota met u selfoon en stuur dit per e-pos aan webmaster@sasmt-savmo.org.za of SMS of Whatsapp aan 0834425803.

As u nie antwoord nie sal ons aanneem dat u persoonlike inligting nie gepubliseer mag word nie. Indien u wel eenmaal toestemming gegee het, is dit nie nodig om dit weer te doen nie.

Gee u toestemming dat u persoonlike gegewens soos hierbo aangedui vir publikasie op die webwerf van SAVMO www.sasmt-savmo.org.za en in die tydskrif *Die Suid-Afrikaanse Musiekonderwyser*, gepubliseer mag word?

Ja

Nee

Naam.....

Handtekening.....

Datum.....

Hoogagtend die uwe,

Ewald Hesse
webmaster@sasmt-savmo.org.za